Pas dit my?

Die son brand my.
Ek sit my rooi hoed op.
Dit is te groot.



Ek pas my ou blou rokkie aan. Dit is te klein.

Ek trek my groen sokkies aan. Hulle is te lank. Hulle is veels te lank.



Ek pas my pa se swart skoene aan. Hulle is te groot. Ek kan nie met sulke groot skoene loop nie.

Ons speel huis-huis. Ons trek mamma en pappa se klere aan. Mamma se bruin skoene is te hoog vir my. Ek probeer om daarmee te loop. Pappa se sonbril is te groot vir Gert. Sy baadjie is te lank.

My denimbroek is te lank.
Ek moet oppas dat ek nie
val nie!

Dra jy graag denimbroeke?

1

My geel rok is te groot.
Dit is te lank en te los.

My trui is te groot.
Ek trek hierdie trui aan
wanneer ek koud kry.

My pa se blou hemp is te groot vir my. Dit is te lank en te wyd. Pappa se rooi das is ook veels te lank.

... En nou pas al
ons klere ons!

Ons hou van
ons skoolklere!
Kom ons gaan
almal skool toe!

Groepleesaktiwiteite

1 Sê vir jou maat watter klere die kinders in elke prent aanhet. Lees nou die vrae en beantwoord dit mondelings saam met jou maat.

Wat is te groot?

Wat is te klein?

Wat is te lank?

Wat is te kort?

2 Watter klere hang aan die wasgoedlyn? Watter kleure is die klere?

3 Voltooi die sinne hieronder deur die regte woorde in te vul. Gebruik die prente om jou te help. Skryf die sinne dan in jou klaswerkboek oor.

hoed	rok	skoene	hemp

Hy het 'n blou _____ en

swart _____ aan.

Sy het 'n geel _____ aan en het 'n

rooi _____ op haar kop.

4 Skryf die eerste woord van elke ry in jou klaswerkboek neer. Skryf dan die woorde in elke ry wat daarmee rym, langsaan neer.

pas	pos	das	mas
met	het	hen	pet
dit	wit	sit	sif
rok	rak	kok	jok

5 Lees hierdie vrae en beantwoord dit saam met jou maat.

a. Wat is die titel van die storie?
b. Noem drie kledingstukke wat te groot was.
c. Wat dra jy graag? Beskryf dit vir jou maat.
d. Watter klere het die kinders gepas?
e. Het jy van die storie gehou? Gee 'n rede vir jou antwoord.

6 Skryf een sin uit die storie in jou klaswerkboek oor. Teken 'n prent om jou sin te illustreer. Skryf 'n onderskrif vir jou prent.